

'n Nuwe hoofstuk in die verhouding tussen Franse Protestante en Suid-Afrika: Die Colloque L'Afrique du Sud en transition, Parys, 15 - 16 Januarie 1993.

P G J Meiring

ABSTRACT

A new chapter in the relationship between French Protestants and South Africa: The Colloque l'Afrique du Sud en transition, Paris, 15-16 January, 1993.

Early in 1993 an important colloquium, called together by the Federation of Protestants in France, (FPF) in conjunction with DEFAP, the missionary secretariate of the FPF, on South Africa in transition, was held in Paris. The colloquium had a fourfold purpose: to inform the French public on recent developments in South Africa; to explain the difficult problems awaiting solutions in that country; to rebuild contact between churches in South Africa and France; and to identify lessons France, as well as the wider world, may learn from the South African experience. Speakers from both South Africa and France were invited to address the colloquium. In the article some of the views expressed at the colloquium are summarised and evaluated. In an introductory paragraph the role and the influence of Protestants in France today are briefly touched upon.

1 Inleiding: Die Parysse colloquium

"Die bande tussen Frankryk en Suid-Afrika, op kerklike sowel as sosio-politieke en sosiale gebied móét eenvoudig nouer geknoop word." M. Gérard Eldin, een van Frankryk se mees gesiene senior ekonome, het sy standpunt verduidelik: "Daar was 'n tyd toe Frankryk en Suid-Afrika baie met mekaar te make gehad het. As gevolg van allerlei faktore - veral politieke faktore - het die bande verslap. Die tyd het gekom dat iets aan die saak gedoen moet word."

Nie net die woorde nie, ook die vertrek waar M Eldin 'n klein groep genooide sprekers op die vooraand van 'n belangrike *colloquium* te woord gestaan het, het baie gedagtes wakker gemaak. Om 'n lang tafel het die gaste gesit, in die konferensiekamer van wat eens as die *Société des Missions Evangelique de Paris* (die Parysse Evangeliese Sending- genootskap) bekend gestaan het¹. Teen die mure het vergulde skilderye van die groot manne gehang, die eerste vaders van die genootskap: onder hulle Eugene Casalis, die pionier van die werk in Lesotho en Francois Coillard wat vanuit Lesotho na die Banjai en die Barotse in die huidige Zimbabwe en Zambië gereis het. Die handgekerfde- wandelstok van Coillard, waarmee hy honderde kilometers onder die warm Afrikaanse son afgestap het, is uitgehaal en met eerbied aan die gaste vertoon².

Die volgende oggend, 15 Januarie 1993, het die *colloquium* in die *Palais du Luxembourg* in Parys, setel van die Franse senaat, begin. Ongeveer twee honderd genooide gaste, die meeste van hulle Franse geleerdes, ekonome, politici, kerkleiers en sendingkundiges, het die saal volgepak. Enkele gaste uit Switserland,

Duitsland en Nederland het saam met die Suid-Afrikaanse genooïdes, die saal gevul.

Die president van die *Fédération protestante de France*, die organisasie wat saam met die sendingarm van die Franse kerke, die sogenaamde *Département Evangélique Français d'Action Apostolique* (DEFAP), vir die byeenroep van die *colloquium* verantwoordelik was, Pasteur Jacques Stewart, het in sy openingswoord die vierledige doel van die byeenkoms verduidelik: Eerstens, het hy gesê, was dit hoogs nodig dat Franse in die algemeen meer van Suid-Afrika, van die transformasie wat daar in die land afspeel, te wete moet kom. Franse Protestante, wat op 'n manier deur die jare tog kontak behou het, het 'n groot verantwoordelikheid in dié verband. Tweedens moes begrip vir die komplekse probleme waarmee Suid-Afrika te kampe het, gekweek word. Dertens, het Stewart gesê, moes daar aktief aan die opbou van kerklike bande gebou word. Vierdens moes die lesse wat ander lande in die wêreld, veral Frankryk, uit die Suid-Afrikaanse ervaring kan leer, nagegaan word³.

2 Hoe sterk staan die Protestantse kerke in Frankryk?

Hoe sterk staan die Protestantse Kerke in Frankryk? Hoe groot is hul invloed werklik in die land? Dit is 'n bekende feit dat met die herroeping van die Edik van Nantes in 1685, toe duisende Protestante die land moes verlaat, die Protestantse kerke in Frankryk byna 'n nekslag toegedien is. Vir meer as 'n honderd jaar, tot met die Franse Revolusie in 1789, sou die oorblywende Protestante 'n vervolgte, klein minderheid in die land bly. In 1801 het Napoleon 'n *concordat* met die Pous gesluit waarin die Katolieke kerk as die godsdiens van die meerderheid in Frankryk vasgelê is, alhoewel, 'n jaar later, Lutherse en Gereformeerde Kerke óók amptelik status verkry het.

In die jaar 1938 het twee Gereformeerde denominasies daarin geslaag om met die Congregational én die Metodiste kerke in die land te verenig. Die Gereformeerde Kerk in Frankryk, die produk van dié vereniging, is tans die grootste Protestantse Kerk in die land. Nie alle Gereformeerde Kerke het by die nuwe denominasie aangesluit nie. Die Nasionale Unie van Onafhanklike Evangeliese Gereformeerde Kerke, en die Gereformeerde Kerk in Alsace-Lorraine het besluit om hul onafhanklikheid te behou.

Die twee belangrikste Lutherse groeperinge is die Kerk van die Augsburgse Konfessie van Alsace-Lorraine (die grootste Protestantse Kerk in Alsace) en die Evangeliese Lutherse Kerk van Frankryk (met sy twee afdelings, één in Montbéliard en één in Parys). Sedert 1950 werk die kerke saam in die sogenoemde Nasionale Alliansie van Lutherse Kerke in Frankryk.

Deur die jare het ander Protestantse groepe, onder andere Baptiste, Sewende Dag Adventiste, en veral die Assemblies of God (vandag die vyfde grootste Protestantse Kerk) hulle in die land gevestig.

Die meeste Protestantse Kerke word deur die *Fédération Protestante de France* (die Protestantse Federasie van Frankryk) saamgevoeg. Die FPF het reeds in 1913 tot stand gekom en bestaan uit agt ledekerke: Gereformeerdes, Lutherane, Baptiste en 'n paar ander, kleiner, Protestantse Kerke.

Die *Paryse Evangeliese Sendinggenootskap* (die *Société des Missions Evangelique*) - waarna reeds vroeër in die artikel verwys is - is reeds in 1822 gestig en het deur die

jare groot werk in veral Franssprekende lande van die wêreld verrig. In 1972 het die genootskap ontbind en het twee organisasies sy plek geneem: die *Communauté Evangélique d'Action Apostolique (CEVAA)* waaraan 23 kerke in Frankryk, Switserland, Italië en 'n paar oorsese lande behoort, én die *Département Evangélique Français d'Action Apostolique (DEFAP)*, die sekretariaat wat die Franse kerke se deelname aan CEVAA koördineer.

Getallegewys is die Protestante yl gesaai. Met die uitsondering van Alsace en die Rhône-vallei, waar daar heelwat Protestante leef, vorm die Protestantse gemeenskap vandag nog 'n klein minderheid in die land. Uit 'n totaal van 55 miljoen Franse, is daar - volgens kerklike statistiek waarna tydens die colloquium verwys is - ongeveer 650 000 praktiserende Protestante. David Barret stel die getal hoër, op net meer as 1 miljoen⁴. Interessant genoeg, het 'n onlangse regeringsensus gevind dat 2 miljoen Franse tog nog een of ander verband met Protestantse Kerke behou. "Klaarblyklik is daar duisende Franse wat nie meer erg het aan eredienste of kerklike meelewing nie", het Dr Alain Rey, algemene sekretaris van DEFAB, oor die getalverskil gesê. "Om hulle op te spoor en weer in te skakel, bly 'n reuse uitdaging".

Dat die 650 000 Franse Protestante 'n bo verhouding belangrike invloed in die land uitoefen, sal die meeste kenners 'n mens gou gelyk gee. In die Franse politiek, die landsadministrasie, veral in die bankwese en ekonomiese lewe, het die Protestante nog altyd hul stempel afgedruk. "Waar die Protestante in baie ander lande aan die kant van die meerderheid staan, soos by julle in Suid-Afrika, moes ons vir driehonderd jaar as 'n minderheidsgroep veg om ons om kop bo water te hou," het een van die personeellede van DEFAB verduidelik. "Ons moes leer om téén die meerderheid staande te bly, om 'n eie standpunt te verdedig. En dit maak jou nogal sterk; dit gee jou 'n harde stem". Die koerante in Frankryk onderstreep dié stelling. 'n Hele paar, heel invloedryke, politici - om maar één segment uit die samelewing te neem - is Protestante en trots daarop: Michel Rocard, die gewese Sosialistiese premier wat allerwêë as opvolger van president Mitterand beskou word; Pierre Joxe, die minister van Verdediging; Georgina Dufoix, die minister van gesondheid, wat onlangs (omdat Franse pasiënte enkele jare gelede VIGS deur bloedoortappings opgedoen het) moes bedank; ook die invloedryke Senator Hoefler.

3 Die vier temas van die colloquium

Gedurende die tweedaagse samespreking het die twee temas wat Jacques Stewart in sy openingsrede aangesny het, behoorlik op tafel gekom.

3.1 Die verstewiging van die bande tussen Frankryk en Suid-Afrika

Wat in 'n sekere sin 'n openbaring was, was die historiese verbondenheid wat die Franse sprekers in hul referate - én die gehoor in hul vrae - met Suid-Afrika ervaar. Daniel Bach, 'n politieke wetenskaplike van Bordeaux, wat heelwat oor die historiese verbintenis tussen Frankryk en Suid-Afrika gepubliseer het⁵, het met nadruk gewag gemaak van die feit dat die Franse Hugenote aan die Kaap, teen die einde van die 17de eeu, goed twintig persent van die totale blanke bevolking uitgemaak het. Onder die leiding van hul predikant, Pierre Simond, het hulle 'n stempel op die samelewing afgedruk - kerklik, kultureel, polities, ekonomies, sosiaal

- wat vandag nog sigbaar is. Tel daarby die invloed van die sendelinge van die Parysse Evangeliese Sendinggenootskap gedurende die 19de en 20ste eeu aan die Kaap en in die latere Lesotho, en 'n mens kan nie anders as om die historiese band te beklemtoon nie. Waarvoor 'n mens wel sal moet oppas, het Bach gewaarsku, is dat die geskiedenis nie vir politieke doeleindes geëksploiteer of verdraai moet word nie.

Dit is egter nie net die historiese bande wat belangrik is nie. Spreker na spreker het die kulturele, politieke en veral ekonomiese bande tussen die twee lande benadruk. Op die oomblik word ongeveer 27 tot 30 persent van Suid-Afrika se uitvoer na Europa gestuur, waarvan 'n belangrike deel in Frankryk beland, het Daniel Bach gesê. Die vraag is of dit genoeg is, of Frankryk nie meer behoort te doen om 'n veranderende Suid-Afrika, ekonomies, op sy voete te help nie. Franse Protestante, met hul lang ervaring van die politieke én die finansiële sektore van die samelewing, sou 'n bydrae kon lewer - só ook op die gebied van die akademie, kultuur en politiek.

3.2 Begrip vir die probleme waarmee 'n veranderende Suid-Afrika te kampe het

Dat hulp aan Suid-Afrika egter 'n ingewikkelde saak is, was ook duidelik. Daarom het die organiseerders 'n wye paneel sprekers uitgenooi om elk 'n lig op die ingewikkeldheid van die Suid-Afrikaanse samelewing, op die veelheid van probleme wat opgelos moet word, te laat val.

Van dr Frank Chikane, algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) is gevra om die siening van die SARK oor politieke ontwikkelinge in die land te verduidelik. Ná hom het 'n Franse politikus, Alain Gourdon, 'n verrassend optimistiese siening van die toekoms van Suid-Afrika gegee. Ds Gerrie Lubbe van die World Conference on Religion and Peace moes oor geweld in Suid-Afrika, oor die vooruitsig van vrede in die samelewing, praat. Die bekende Kaapstadse ekonoom, Prof Francis Wilson, mede-outeur van *Uprooting Poverty. The South African Challenge*, die verslag van die Tweede Carnegie-kommissie oor gemeenskapsarmoede, is genooi om tydens 'n oggendsessie die ekonomiese en sosiale gevolge van apartheid te analiseer. Na hom het 'n bekende joernalis en politieke aktivis, Antoine Bouillon, wat jarelank aan die spits van die Anti-apartheidsbeweging in Frankryk gestaan het, oor "nasionale eenheid en kulturele verskeidenheid in Suid-Afrika", aan die woord gekom. Die bydrae van Jean-Claude Barbier van die Universiteit van Parys wat Suid-Afrika meermale besoek het en 'n boek oor Suid-Afrika ná apartheid die lig laat sien het⁶, oor die politieke en ekonomiese alternatiewe wat op Suid-Afrika wag, het heelwat bespreking uitgelok. 'n Uitdrukking van Francis Wilson om te verduidelik dat alle spore van apartheid nog lank nie verdwyn het nie - "die *steierwerk* is nou verwyder; die afbreek van die *gebou* van apartheid wat oor jare opgerig is, sal waarskynlik nog jare duur" - het baie gou 'n Leitmotiv in die bespreking geword. Oor die steierwerke wat weg is, het die sprekers en kongresgangers hul verbly. Dat daar egter nog baie harde werk voorlê om, met 'n hamer en 'n Bybel in die hand, die apartheidsgedebou plat te kry, was duidelik.

Is daar nog 'n toekoms vir blankes in Suid-Afrika? Ja, het die meeste sprekers gesê. Ja, het ook een van die presidente van die Wêreldraad van Kerke,

die Wes-Afrikaan, Aaron Tolen, beaam: "Onthou, wit is nie 'n definisie nie - elkeen wat 'n *Suid-Afrikaner* wil wees, sal 'n hydrae kan lewer". "Afrika het nog altyd plek gehad vir witmense", het Pierre Haski, wat as "bevydingsjoernalis" bekend gestel is, bygevoeg: "Die groot kuns sal egter wees om in die toekoms vir sowel die swart aspirasies in Suid-Afrika as die vrese van blankes voorsiening te maak"⁷.

3.3 Die rol van die Kerke in 'n veranderende Suid-Afrika.

Dwarsdeur die voorafgaande dag en 'n half is daar dikwels verwys na die rol wat die kerke in Suid-Afrika kan en moet speel. Toe die laaste middagsessie aanbreek waarin verteenwoordigers van verskillende kerke en kerklike organisasies geleentheid sou kry om die colloquium toe te spreek én aan 'n paneelbespreking deel te neem, was daar groot belangstelling onder die gehoor.

Prof Bernard Lategan van die Universiteit van Stellenbosch het 'n sterk pleidooi gelewer dat die kerke in 'n snel veranderende samelewing, waar ou waardes en ideologië sneuvel, 'n nuwe waardesisteen moet help skep. Christene, teoloë, durf hulle nie aan die publieke debat onttrek nie. "Saans mag die kerke miskien nog oor hul eie sake praat, maar dwarsdeur die dag sal die kerke die publieke arena met Gods Woord in die hand móét betree. Dis wat dit beteken om werklik Gereformeerd te wees".

Wat dit beteken om 'n *Katoliek* in die veranderende Suid-Afrika te wees, is deur 'n Rooms-Katolieke akademikus, B Chenu, aan die orde gestel. Die moeisame weg van die Katolieke Kerk as 'n aanvanklike klein minderheidsgroep in die vorige eeu, wat met huiwering oor sosio-politieke sake gepraat het, tot 'n sterk liggaam met honderd-duisende (veral swart) lidmate in ons tyd wat 'n sterk profesiese stem laat hoor, is op 'n interessante wyse geskets. Dit was duidelik dat biskop Hurley van Natal met sy vreeslose getuienis teen apartheid, ook in Frankryk groot indruk gemaak het.

Dr Frank Chikane, wat vir 'n tweede keer opgetree het, het die colloquium ingelig oor die werk van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, vóór apartheid en tydens die periode van verandering, waarin ons tans verkeer. Hy het ook enkele lyne getrek oor wat na sy mening die toekomstige rol van die kerklike gemeenskap sal moet wees. Met nadruk het hy verklaar: "Die kerke in Suid-Afrika het nog altyd vir die demokratiese reg van al die mense in die land geveg. As dit sou gebeur dat 'n toekomstige regering dié regte in gevaar stel, sal ons net so hard protesteer. Ek, wat ter wille van my swart broers se reg tronk toe gegaan het, is bereid om ter wille van 'n wit broer se reg, dit weer te doen. Geregtigheid hoort aan alle mense, ongeag die kleur van hul vel".

Soos in Suid-Afrika, is daar ook in Frankryk 'n beduidende minderheid mense wat aanhangers van ander godsdienste is. Veral die Islam het die afgelope jare - as gevolg van die groot getal gasarbeiders uit Noord-Afrika en die nabye Ooste wat in Frankryk 'n heenkome kom soek het - met rasse skrede vooruitgegaan. In Parys, word dikwels gesê, is daar heelwat meer Moslems as Protestante. Teen die jaar 2000, bereken David Barret, sal daar 2 175 000 Moslems teenoor 1 200 000 Protestante in die land woon. Jode, Boeddhiste (veral Vietnameese, Loatiese, Kambodiane en Chinese immigrante in Frankryk) en ander minderheidsgroepe laat ook deeglik van hulle hoor⁸. Daar was in die colloquium dus heelwat belangstelling vir Dr Gerrie Lubbe se vertelling in verband met die werk van die

Suid-Afrikaanse afdeling van die *Wêreldkonferensie vir Godsdien en Vrede* (World Conference for Religion and Peace, WCRP). Die voorstelle van die WCRP wat die afgelope maande in Suid-Afrika op tafel gekom het ten opsigte van die vaslegging van die beginsel van Godsdienstryheid in 'n toekomstige Handves vir Menseregte, het 'n lang bespreking uitgelok. Die kongresgangers het heelwat kopieë van die WCRP-voorstelle aangevra.

Begrypikerwys was daar ewe groot belangstelling in die Afrikaanse Kerke, by name die *Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Hoe op aarde kon dit gebeur het dat 'n Skrifgebonde Gereformeerde Kerk, wat apartheid betref, so op 'n dwaalspoor kon beland het?, wou die gehoor weet. Ook die bestaan van die verskillende Afrikaanse Susterskerke, waarvan die name van al drie in Engels met "Dutch Reformed" vertaal kan word, het nogal verduideliking vereis - soos ook die ontstaan van die Ned Geref Kerkfamilie, die afgelope eeu-en-'n-half.

Dit was my voorreg om te probeer verduidelik hoe die Ned Geref Kerk hom die afgelope jare op die moeisame en dikwels pynlike weg bevind het, die pad van die repudiëring van apartheid, van uiteindelijke skuldbelydenis oor die pyn en lyding wat apartheid in miljoene mede-Suid-Afrikaners se lewe veroorsaak het. Hoe duur die belydenis die kerk te staan gekom het, die hartseer van die wegbreek van die Afrikaanse Protestantse Kerk ná die aanvaarding van die Ned Geref Kerk se nuwe beleidstuk van *Kerk en Samelewing* in 1986, het veral ná die vergadering nog van die kongresgangers aan die gesels gehad.

Wat is dié rol van die Ned Geref Kerk in 'n nuwe Suid-Afrika, in 'n samelewing waar die Kerk nie meer soos in die verlede die vanselfsprekende toegang tot die regering sal hê nie? Oor vier sake het die gehoor saamgestem:

Eerstens sal die Ned Geref Kerk sy eie huis in orde moet kry. Die hereniging van die Ned Geref Kerkfamilie tot één kerk is 'n *sine qua non* vir die kerk se getuienis in Suid-Afrika, vir die jare wat voorlê.

Tweedens het die kerk 'n groot verantwoordelikheid om sy lidmate op die pad na 'n nuwe demokratiese samelewing - 'n toekoms wat vir baie blankes geweldige onsekerheid en vrees inhou - te begelei. Om apartheid uit die kerkorde te verwyder is één ding, om dit uit die harte en gedagtes van mense te kry, iets totaal anders.

Derdens moet die Ned Geref Kerk, sáám met al die ander kerke in die land, onbevreesd sy profetiese getuienis laat hoor. Al sou dit soms, as gevolg van duur lesse wat hy geleer het, gebeur dat die kerk meer "beskeie" in sy uitsprake is, sal daar wanneer die omstandighede dit vereis, hard en duidelik gepraat moet word.

Laastens het die kerk 'n onontwykbare priesterlike funksie, die verantwoordelikheid om vir versoening, vir die oprig van brûe tussen groepe en persone, vir die verligting van die nood van miljoene, te ywer.

3.4 Kan die wyer wêreld lesse vanuit Suid-Afrika leer?

'n Laaste tema wat dikwels aangeraak is, het met hierdie vraag te make gehad. Reeds in sy openingsrede het Jaques Stewart verklaar: "Dit is van buitengewone belang dat Suid-Afrika oplossings vir sy probleme moet vind, want die land se probleme is, goed bekyk, dieselfde probleme as waarmee die wêreld worstel. Die mure van nasionalisme wat meteens weer tussen ons verrys, die gevaarlike fantasieë van derduisende Europeane, die etniese "suiwering" in Joegoslavië, het ons tot

stilstand geruk. Ons het gemeen ons het die antwoorde. Ons moes uitvind ons het dit nie meer nie. Ons het 'n boodskap nodig, 'n boodskap wat Suid-Afrika, wat die Christene in die land, vir ons moet stuur".

Aaron Tolen, die swart president van die Wêreldraad van Kerke, het veral klem gelê op wat die kerk in Afrika van hul swart broers en susters in Suid-Afrika kan leer: "Vér meer as wat die bevrydingsteoloë van Latyns-Amerika ons kon leer, het Suid-Afrikaanse teoloë en lidmate ons help verstaan wat kontekstuele teologie, op die bodem van Afrika beoefen, vir ons kan beteken. Julle het vir ons geleer om heil nie net as iets vér in die toekoms te verwag nie, maar as iets hier en nou; dat ons vandag al 'n voorsmakie van die bevryding wat wag, mag smaak. Ek sal nooit vergeet hoe aartsbiskop Tutu aan Christene in Togo en Nigerië die uitdaging gestel het nie: "Leef soos mense wat die bevryding in Christus hul eie gemaak het! Leef soos vry mense! In baie lande, ook binne die kringe van die Wêreldraad van Kerke leef daar nog rassisme. Suid-Afrika moet ons daarmee help".

Van die colloquium-gangers was bewus van die werk wat Suid-Afrikaners wat met Sending- en Evangelisasiewerk in Frankryk besig is, doen. Anthony Lewin van MontPELLIER, 'n Engelsman wat jare reeds in diens van een van die Franse Gereformeerde Kerke staan, het tydens een van die teepouses met groot lof van die werk van ds Johan Bloemhof en ander Ned Geref "sendelinge" in Frankryk vertel. Die omstanders was verras om van die omgekeerde sendingaksie te verneem, dat die Franse kerke nie net aan die gee-kant is nie, maar ook aan die ontvang-kant. Dit het my opgeval hoe die Franse kerkleiers wat as gevolg van die Ned Geref Kerk se standpunte oor apartheid, in die verlede kontak vermy het, moeite gedoen het om ons te laat verstaan: Ook uit julle stryd om van apartheid ontslae te raak, kan ons van julle lesse leer. Ons deur staan weer vir julle oop.

'n Honderd jaar ná die "scramble for Africa" het die "scramble for South Africa" mode geword, het Daniel Bach, die geleerde uit Bordeaux, in 'n oomblik van entoesiasme verklaar. Dit is 'n oordrywing - natuurlik. Nie almal in Europa óf Frankryk is ewe entoesiasies om by Suid-Afrika betrokke te raak nie. Vir baie lê ons land láág op die prioriteitslys. Maar dat ons baie vriende - oues en nuwes - het, wat baie van Suid-Afrika verwag, is wáár.

4 Slot

Die vraag is: Het die *colloquium* iets blywends opgelewer? Te oordeel aan die woorde waarmee Gérard Eldin die byeenkoms afgesluit het, was dit beslis die geval. Die vier doelwitte wat aan die begin gestel is, is bereik. Die Franse, was sy konklusie, was gereed om hul hande opnuut na Suid-Afrika uit te steek.

Wat 'n mens by die finale vraag bring: moet die kerke in Suid-Afrika, kerkleiers én gelowiges wat in die alledaagse lewe staan, nie moeite doen om dieselfde te doen, om die Franse hand met oortuiging vas te gryp nie? Dit wil voorkom asof die tyd ry is vir skakeling op talle terreine: polities, sosiaal, ekonomies, kultureel, wat sport betref, ensovoorts. Wat die kerklike en akademiese terreine betref, meen ek dat ons nie tyd moet mors nie. Skakeling op *akademiese* gebied - met universiteite en met teologiese seminaries - het 'n besliste moontlikheid geword. En op *ekumeniese terrein* - die skakeling tussen gemeentes, sending kommissies, diakonale aksies, en nog vele meer - is daar veel wat verrig kan word. As die Ned Geref Kerk - én die ander kerke in die land - die geleentheid wil

raaksien en die uitdagings wil aanvaar. Die stroompie wat deur Pierre Simond, Casalis, Coillard en nog vele meer begin is, moet toegelaat word om 'n rivier te word. Ook in die omgekeerde rigting.

NOTAS:

- 1 Die gebou van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap, word deesdae deur DEFAP, een van die opvolgers van die genootskap, gebruik. Vergelyk nota 2 vir verdere inligting.
- 2 Die verhaal van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap in Suid-Afrika - en van die vroeë pioniers - word in verskeie bronne vermeld, onder andere G B A Gerdener: *Recent Developments in the South African Mission Field*, Kaapstad 1958, 88vv; D Crafford, *Aan God die dank (Deel I)*, Pretoria 1982, 49vv; J M Cronje, *Aan God die dank (Deel II)*, Pretoria 1982, 87vv.
- 3 Die colloquium-verrigtinge word binnekort in boekvorm, deur DEFAP, uitgegee. Die aanhalings van sprekers kom uit aantekeninge wat tydens die vergadering gemaak is. Dikwels moes ek my op die Engelse vertalings van Franse referate wat deur 'n groep vertalers met oorfone gedoen is - verlaat.
- 4 David Barret (ed), *World Christian Encyclopedia*, Oxford 1982, 279.
- 5 Daniel Bach, *La France et l'Afrique du Sud. Histoire, mythes et enjeux contemporains*, Paris 1990.
- 6 Jean-Claude Barbier, *L'Afrique du Sud après l'Apartheid*, Paris 1991.
- 7 Die boek waarvoor Pierre Haski in Frankryk bekend geraak het, was: *L'Afrique Blanche. Histoire et enjeux de l'Apartheid*, Paris 1987.
- 8 Barret, a w, 279.